Vir die oorhandiging het me. Zelrese Brair van Parmalat (regs agter) en Phil-Marie Roberts (Rapport Onderwysfonds, links agter) gaan kuier by Juffrou Sandra van der Westhuizen (middel agter) en haar Graad 1 klas by AF Louw Skool in Stellenbosch.

Hier kom die kop dankie enngg

Parmalat SA (Bpk) Ltd het die jongste maatskappy geword om by te dra tot die Rapport Onderwysfonds se rol om te verseker dat voornemende jong studente finansiele ondersteuning ontvang om tersiere kwalifikasies in onderwys te verwerf. Parmalat het hul betrokkenheid en ondersteuning bevestig deur 'n skenking van R36 000 aan die Fonds te maak.

Sonder kwaliteit onderwys kan 'n land en sy mense nie groei en ontwikkel nie. Volgens me. Zelrese Brair, verantwoordlik vir KSI en Interne Kommunikasie, is Parmalat verbind tot kwaliteit en steun hulle volhoubare ontwikkeling en projekte binne die gemeenskappe waarin hulle besigheid doen. Derhalwe belê hulle dus graag in volhoubare inisiatiewe waarby ons land en sy mense op die lang duur baat kan vind.

"Deur 'n bydrae tot die Rapport Onderwysfonds te maak, weet ons dat dié skenking aangewend sal word om behoeftige en verdienstelike studente te help om hul drome te bewaarheid. Die studente sal dan weer hul kennis kan terugploeg in die onderwys en ander kritiese opvoedingsvelde." sê me. Brair.

Parmalat wil ook ander maatskappye aanmoedig om betrokke te raak. "Deur middel van bydraes tot onderwysinisiatiewe soos die ROF kan ander maatskappye, nes Parmalat, ook deel word van 'n langtermynoplossing in Suid-Afrika. So help ons om ons land se mense op te voed en geleenthede te skep vir 'n beter toekoms."

Namens Rapport Onderwysfonds wil ons die bestuur van Parmalat hartlik bedank vir hulle ondersteuning. U betrokkenheid word opreg waardeer en dien as 'n voorbeeld vir elke maatskappy in Suid-Afrika wat die erns van goeie onderwys op die hart dra.

➔Vir meer inligting bel 073 122 88 00 of 021 406-3699